Process Safety Beacon


http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap aan bedryfspersoneel.**

**Geborg deur CCPS ondersteuners**

# Onthou veiligheid in moeilike ekonomiese omstandighede!

**Junie 2009**







Ons beleef moeilike ekonomiese tye! Maatskappy omset en wins is laer en baie maatskappye verloor geld. Aanlegte word bedryf teen verminderde produksietempo en sommige sluit. Laer winste veroorsaak druk om koste te bespaar, wat personeelverminderings kan insluit. Meer gereelde afsit van aanlegte en bedryf teen laer tempo kan mense onder druk plaas en dit mag'n impak hê op veiligheid. Mense onder druk gee minder aandag aan detail en maak meer foute. Bestuur en werkers moet gefokus bly op veiligheid en prosesveiligheid, ten spyte van die druk wat hulle ervaar. Maak seker dat opleiding en voorkomende instandhouding nie skade ly nie. Beide is noodsaaklik vir langtermyn ekonomiese oorlewing. Besluite om personeel te verminder moet uiters versigtig benader word, met inagneming van die maaskappy se bestuur van verandering (MOC) proses. Maak seker dat veiligheidskritiese take nie gekompromiteer word deur personeel verminderings nie.

> Selfs as dit ekonomies swaar gaan, moet die spandering van die nodige geld aan prosesveiligheidsvoorsorg volgehou word....Elke besluit moet geweeg word om seker te maak dat die veiligheid van werkers, kontrakteurs en die gemeenskap beskerm word. Maatskappye wat aanhou belê in veiligheid sal die voordele beleef vir baie jare wat kom -- John Bresland, Voorsitter: United States Chemical Safety and Hazard Investigation Board

## Wat kan ek doen?

- Behou fokus op veligheidswaardes en standaarde in moeilike ekonomiese tye. Behou fokus op prosesveiligheid onder alle omstandighede.
- Verstaan watter aktiwiteite in jou aanleg is krities vir veiligheid, en maak seker die aktiwiteite word nie afgeskeep onder ekonomiese druk nie.
- Verminderde produksie is 'n goeie tyd om voorstelle te maak vir veiligheidsgerigte voorkomende instandhouding en verbeteringe. Verminderde produksie beteken dat die aanleg gewoonlik meer sal af wees of teen laer tempo loop wat meer geleenthede skep vir die tipe werk.
- As jy bewus is van situasies waar kritiese veiligheidstoerusting of veiligheids aktiwiteite nadelig geraak word deur kostebesparings, maak seker dat jou bestuur bewus is daarvan. Dit is moontlik dat hulle sulke besluite geneem het op grond van kostebesparings, sonder om die veiligheidsimplikasies ten volle te verstaan.
- Gebruik die proses van bestuur van verandering (Management of Change) om die impak van veranderinge te verstaan. Veranderinge kan insluit vermindering van personeel, laer produksietempo, veranderinge in produksieskedule, en ander kostebesparende aanlegveranderinge.

***Moenie dat huidige ekonomiese pyn langtermyn skade aan veiligheid veroorsaak nie!!***

AIChE © 2009. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Thai, Turkish, and Vietnamese.**